LIZORP SUSPENSION
P1533138

LIZORP SUSPENSION
P1533138

AUROGEN

PROFESSIONELE INLIGTING VIR MEDISYNE VIR MENSLIKE GEBRUIK

SKEDULERINGSTATUS

S4

EIENDOMSNAAM (en doseervorm)
LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml (Poeier vir suspensie)
LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml (Poeier vir suspensie)

SAMESTELLING

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:

Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat sefprosielmonohidraat ekwivalent aan 125 mg anhidriese sefprosiel en natriumbensoaat 0,064 % *m/v* as preserveermiddel. Bevat suiker en soeter: sukrose 2176,37 mg en 15 mg aspartaam onderskeidelik per 5mL hersaamgestelde suspensie.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:

Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat sefprosielmonohidraat ekwivalent aan 250 mg anhidriese sefprosiel en natriumbensoaat 0,064 % *m/v* as preserveermiddel. Bevat suiker en soeter: sukrose 2059,79 mg en 15 mg aspartaam onderskeidelik per 5mL hersaamgestelde suspensie.

Die ander bestanddele van die formulering is sukrose, natriumchloried, sitroensuurmonohidraat, simetikoonemulsie, polisorbaat 80, aspartaam, glisien, karmellose-natrium, mikrokristallyne sellulose/ karboksimetielsellulose-natrium, silika kolloïdaal anhidries, Bobbelgomgeur (PWD # 730) en Kleur FD&C Geel Nr. 6(C.I. Nr: 15985).

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE

A 20.1.1 Breë- en mediumspektrum antibiotika

FARMAKOLOGIESE WERKING

Sefprosiel behoort aan 'n subgroep beta-laktaam-antibiotika, die sefalosporiene. Dit is bakteriedodend en werk deur sintese van die bakteriële selwand te inhibeer.

Mikrobiologie

Die bakteriedodende werking van sefprosiel spruit voort uit inhibisie van selwandsintese.

Aërobe, gram-positief

LET WEL: Sefprosiel is onaktief teen metisillien-weerstandige stafilokokke en *E. faecium.*

Aërobe, gram-negatief

LET WEL: Sefprosiel is onaktief teen die meeste stamme van *Actinetobacter, Enterobacter, Morganella morganii, Proteus vulgaris, Providencia, Pseudomonas* en *Serratia.*

Anaërobe

Die meeste stamme van die *Bacteroides fragilis* groep is weerstandig teen sefprosiel. Ander weerstandige organismes sluit in:*Clostridium difficile; C. perfringens; Fusobacterium* spp.; *Peptostreptococcus* spp.; *Prevotella melaninogenica* (eers bekend as *Bacteroides melaninogenicus) Propionibacterium acnes.*

In vitro sensitiwiteit impliseer nie noodwendig kliniese doeltreffendheid nie.

Farmakokinetiese eienskappe

Sefprosiel is 'n oraal toegediende middel wat meer aktief is as die eerste-generasie sefalosporiene teen penisillien-sensitiewe streptokokke, *E. coli, P. mirabilis, Klebsiella* spp., en *Citrobacter* spp. Dit het 'n serumhalfleeftyd van 1,2 tot 1,4 uur.

Na orale toediening word sefprosiel ongeveer 96 % in beide vastende en nie-vastende proefpersone geabsorbeer.

Plasmaproteïenbinding is ongeveer 36 % en is onafhanklik van konsentrasie in die reikwydte van 2 µg/ml tot 20 µg/ml.

By individue met normale nierfunksie, akkumuleer sefprosiel nie in die plasma nie.

Die verlenging van die plasmahalfleeftyd is verwant aan die graad van renale disfunksie by pasiënte met verminderde renale funksie. By pasiënte met volkome afwesigheid van renale funksie, kon daar aangedui word dat die plasmahalfleeftyd van sefprosiel so lank as 5,9 uur is.

Die halfleeftyd word tydens hemodialise verkort tot 2,1 uur. Uitskeidingsroetes by pasiënte met uitgesproke ingekorte renale funksie is nie bepaal nie (Sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS** en **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).

Die gemiddelde AOK wat by bejaarde pasiënte (65-jarige ouderdom) waargeneem word, is ongeveer 35-60 % hoër as dié by jong volwassenes en die gemiddelde AOK by vrouens is ongeveer 15-20 % hoër as by mans.

Die grootte van hierdie ouderdom- en geslagsverwante variasies in die farmakokinetika van sefprosiel is nie genoeg om dosisaanpassings te verg nie.

By pasiënte met ingekorte hepatiese funksie, word geen beduidende verskille in farmakokinetiese parameters waargeneem nie, as dit met normale kontroles vergelyk word.

Toereikende data oor CSF-vlakke van sefprosiel is nie beskikbaar nie.

INDIKASIES

LIZORP word aangedui vir die behandeling van pasiënte met ligte tot matig ernstige infeksies veroorsaak deur vatbare stamme van die aangewese mikroörganismes wat hierna gelys word.

Boonste lugweg:

Faringitis/tonsilitis veroorsaak deur *Streptococcus pyogenes*. Die gebruiklike middel van keuse in die behandeling en voorkoming van Streptokokkale infeksies, insluitend die profilakse van rumatiekkoors, is penisillien.

LIZORP is effektief in die uitwissing van *Streptococcus pyogenes* uit die nasofarinks. Uitgebreide data wat die doeltreffendheid van **LIZORP** bewys in die daaropvolgende voorkoming van rumatiekkoors is egter tans nie beskikbaar nie.

Otitis media:

Otitis media veroorsaak deur *Streptococcus pneumoniae, Haemophilus influenzae* en *Moraxella (Branhamella) catarrhalis*. In die behandeling van otitis media en sinusitis as gevolg van beta-laktamase-produserende organismes, het **LIZORP** bakteriologiese uitwissingskoerse gehad wat effens laer was as dié wat waargeneem word met 'n produk wat 'n spesifieke beta-laktamase-inhibeerder bevat. Wanneer die gebruik van **LIZORP** oorweeg word, behoort die algehele uitwissingskoerse opgeweeg te word teen die vatbaarheidspatrone van die algemene mikrobes in 'n gegewe geografiese gebied en die verhoogde potensiaal vir toksisiteit met produkte wat beta-laktamase-inhibeerders bevat.

Onderste lugweg:

Sekondêre bakteriële infeksie van akute brongitis en akute bakteriële verergering van chroniese brongitis veroorsaak deur *Streptococcus pneumoniae, Haemophilus influenzae* (beta-laktamase-positiewe en - negatiewe stamme) en *Moraxella (Branhamella) catarrhalis.*

Vel- en velstruktuur:

Ongekompliseerde vel- en velstruktuurinfeksies veroorsaak deur *Staphylococcus aureus* (insluitend penisillinase-produserende stamme) en *Streptococcus pyogenes.*

Urienweg:

Ongekompliseerde urienweginfeksies, insluitend akute sistitis by vrouens veroorsaak deur *Escherichia coli, Klebsiella pneumoniae* en *Proteus mirabilis.*

Kultuur- en vatbaarheidstoetse behoort uitgevoer te word wanneer toepaslik om die vatbaarheid van die oorsaaklike organisme teen **LIZORP** te bepaal.

KONTRA-INDIKASIES

LIZORP is teenaangedui by pasiënte wat vorige hipersensitiwiteitsreaksies teen die sefalosporienklas van antibiotika, penisilline of ander beta-laktaam-antibiotika, of enige komponent van die formulering, gehad het.

Kinders onder die ouderdom van 1 jaar.

Swangerskap en laktasie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

Voordat terapie met **LIZORP** begin word, behoort versigtige navraag gedoen te word om vas te stel of die pasiënte vorige hipersensitiwiteitsreaksies teen **LIZORP**, ander sefalosporiene, penisilline, of ander medisyne gehad het. Indien **LIZORP** aan penisillien-sensitiewe pasiënte gegee moet word, behoort versigtigheid uitgeoefen te word omdat kruis-sensitiwiteit tussen beta-laktaam-antibiotika gedokumenteer is. Indien 'n allergiese reaksie teen **LIZORP** voorkom, moet **LIZORP** gestaak word.

Ernstige akute hipersensitiwiteitsreaksies mag noodbehandelingsmaatreëls verg.

Pseudomembraneuse kolitis kan voorkom.

Pediatriese Gebruik:

Veiligheid en doeltreffendheid by kinders jonger as 1 jaar is nie vasgestel nie. Akkumulasie van ander sefalosporienantibiotika in pasgeborenes (as gevolg van die verlengde medisyne halfleeftyd in hierdie ouderdomsgroep), is aangemeld.

Evaluering van renale status voor en tydens terapie word aanbeveel, veral in pasiënte wat ernstig siek is.

By pasiënte met bekende of vermoede renale inkorting (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**), behoort versigtige kliniese waarneming en toepaslike laboratoriumstudies uitgevoer te word voor en tydens terapie.

Die totale daaglikse dosis **LIZORP** behoort by hierdie pasiënte verminder te word omdat hoë en/of langdurige plasmakonsentrasies van antibiotika by sulke individue selfs met gewone dosisse, kan voorkom. Sefalosporiene, insluitend **LIZORP**, behoort met omsigtigheid toegedien te word aan pasiënte wat gelyktydige behandeling met potente diuretika ontvang omdat dit vermoed word dat hierdie middels 'n nadelige effek op renale funksie het.

Langdurige gebruik van **LIZORP** mag oormatige groei van nie-vatbare organismes veroorsaak. Versigtige observasie van die pasiënt is essensieel. Indien superinfeksie voorkom tydens terapie, moet toepaslike maatreëls toegepas word.

Positiewe direkte Coombs-toetse is tydens behandeling met sefalosporienantibiotika aangemeld. Persone met fenielketonurie: **LIZORP** (125 mg/5 ml en 250 mg/5 ml) bevat fenielalanien (van aspartaam) 8,4 mg per 5 ml hersaamgestelde suspensie.

Effekte op die vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik
LIZORP mag duiseligheid veroorsaak wat die vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik mag affekteer. Hierdie aktiwiteite behoort nie uitgevoer te word nie totdat die invloed van **LIZORP** op die individue bepaal is.

INTERAKSIES

LIZORP kan die sintese van vitamien K inhibeer deur onderdrukking van die dermflora. Profilaktiese vitamien K-terapie word aanbeveel wanneer **LIZORP** vir lang tydperke gebruik word in wangevoede pasiënte of pasiënte wat ernstig siek is. Gelyktydige toediening van **LIZORP** en aminoglikosied-antibiotika veroorsaak nefrotoksisiteit.

Laboratoriumtoetsinteraksies:

LIZORP mag 'n vals-positiewe reaksie vir glukose in die urine met koper-reduksietoetse (Benedict of Fehling se oplossing of met Clinitest tablette) veroorsaak, maar nie met ensiem-gebaseerde toetse vir glikosurie nie (glukose-oksidase). 'n Vals-negatiewe reaksie mag in die ferrisianiedtoets vir bloedglukose voorkom. Die teenwoordigheid van **LIZORP** in die bloed meng nie met die essai vir kreatinien in plasma of urine deur middel van die alkaliese pikraatmetode, in nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE

Die veiligheid van gebruik in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS

Aanwysings vir hersamestelling:

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml en **LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:**

60 ml:

Vir hersamestelling voeg 42 ml gesuiwerde water by, draai die bottel om en skud goed totdat al die poeier gedispergeer is.

100 ml:

Vir hersamestelling voeg 70 ml gesuiwerde water by, draai die bottel om en skud goed totdat al die poeier gedispergeer is.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:

LIZORP word oraal vir 'n tydperk van 10 dae vir die behandeling van infeksies as gevolg van vatbare bakterieë toegedien in die volgende:

Infeksies van die boonste lugweg:	500 mg elke 24 uur
Infeksies van die onderste lugweg:	500 mg elke 12 uur
Sinusitis:	250 mg elke 12 uur of 500 mg elke 12 uur
Ongekompliseerde urienweginfeksies:	500 mg elke 24 uur
Infeksies van die vel en velstrukture:	250 mg elke 12 uur of 500 mg elke 12 of 24 uur

Kinders:

Die aanbevole dosis **LIZORP** vir kinders tussen 1 jaar en 12-jarige ouderdom is die volgende:

Infeksies van die boonste lugweg, faringitis of tonsilitis:	7,5 mg/kg elke 12 uur
Otitis media:	15 mg/kg elke 12 uur
Infeksies van die vel en velstrukture:	20 mg/kg een keer daagliks
Sinusitis:	7,5 - 15 mg/kg elke 12 uur

Renale Inkorting:

LIZORP mag aan pasiënte met ingekorte renale funksie toegedien word. Geen dosisaanpassing is nodig vir pasiënte met kreatinienopruimingswaardes > 30 ml/min. Vir dié met kreatinienopruimingswaardes =30 ml/min, behoort 50 % van die standaard dosis op die standaard doseringsinterval gegee te word.

LIZORP word gedeeltelik deur hemodialise verwyder; dus behoort **LIZORP** na die voltooiing van hemodialise toegedien te word.

Hepatiese Inkorting:

Geen dosisaanpassing is vir pasiënte met ingekorte hepatiese funksie nodig nie.

NEWE-EFFEKTE

Bloed- en limfatiese sisteemversteurings:
Frekwent: Eosinofilie.
Minder frekwent: Neutropenie, trombositopenie. Verlengde PT/ INR is waargeneem.

Immuunsisteemversteurings:
Minder frekwent: Anafilakse, koors, serumsiekte en pseudomembraneuse kolitis.
Frekwensie onbekend: Angio-edeem.

Senusisteemversteurings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend:
Duiseligheid, hiperaktiwiteit, hoofpyn, senuagtigheid, slaaploosheid, verwarring en lomerigheid.

Gastroïntestinale versteurings:
Frekwent: Naarheid, braking, diarree en abdominale pyn.

Hepatobiliêre versteurings:
Minder frekwent: Cholestatiese geelsug.
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend:
Verhogings van AST, ALT, alkaliese fosfatase, bilirubienwaardes.

Vel- en onderhuidse weefselversteurings:
Minder frekwent: Erythema multiforme, Stevens-Johnson-sindroom, superinfeksie, veluitslag, urtikarie.

Renale en urinêre versteurings:
Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend:
Verhogings in bloedureum en serumkreatinien.

Voortplantingsisteem- en borsversteurings:
Minder frekwent: Algemene pruritus en vaginitis.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN

(Sien **NEWE-EFFEKTE**)

In geval van ernstige oordosis, veral by pasiënte met gekompromitteerde renale funksie, sal hemodialise help om **LIZORP** uit die liggaam te verwyder.

IDENTIFIKASIE

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:
Vir Droë Poeier: Wit tot naaswit granulêre poeier met 'n bobbelgomgeur.
Vir Hersaamgestelde Suspensie: Ligte oranje suspensie met 'n bobbelgomgeur.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:
Vir Droë Poeier: Wit tot naaswit granulêre poeier met 'n bobbelgom geur.
Vir Hersaamgestelde Suspensie: Ligte oranje suspensie met 'n bobbelgomgeur.

AANBIEDING

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:

1) Die granules word verpak in 'n kleurlose 115 ml HDPE deurskynende, ronde bottel met 'n 28 mm nek wat met 'n wit ondeurskynende 28 mm peutervrye sluitstuk met 'n induksie seël pluisie verseël word, saam met 'n 20 ml maatkoppie.

Verpakkingsgrootte: 60 ml suspensie na hersamestelling.

2) Die granules word verpak in 'n kleurlose 150 ml HDPE deurskynende, ronde bottel met 'n 28 mm nek wat met 'n wit ondeurskynende 28 mm peutervrye sluitstuk met 'n induksie seël pluisie verseël word, saam met 'n 20 ml maatkoppie.

Verpakkingsgrootte: 100 ml suspensie na hersamestelling.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:

Die granules word verpak in 'n kleurlose 150 ml ml HDPE deurskynende, ronde bottel met 'n 28 mm nek wat met 'n wit ondeurskynende 28 mm peutervrye sluitstuk met 'n induksie seël pluisie verseël word, saam met 'n 20 ml maatkoppie.

Verpakkingsgrootte: 100 ml suspensie na hersamestelling.

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar in 'n koel, droë plek by of benede 30 °C.

Berging van hersaamgestelde suspensie:

Nadat dit hersaamgestel is, behoort die suspensie in 'n yskas gehou te word (2 tot 8 °C) en binne 14 dae gebruik te word. SKUD GOED VOOR GEBRUIK. Raak van enige ongebruikte oplossing ontslae. Hou die houer dig gesluit. Beskerm teen lig.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml: 43/20.1.1/0535
LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml: 43/20.1.1/0536

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS..) BPK.
Woodhillkantoorpark
Gebou 1, Eerste Vloer, Philip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal, Uitbr. 12, 1448,
Johannesburg
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET:

DATUM VAN REGISTRASIE:

5 Junie 2014

DATUM VAN HERSIENING:

18 September 2021

DETACH BEFORE DISPENSING

Nie alle newe-effekte wat vir **LIZORP** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid sou vererger of as jy enige nadelige effekte ondervind terwyl jy **LIZORP** neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN LIZORP SUSPENSION

Bewaar in 'n koel, droë plek by of benede 30 °C.

Berging van hersaamgestelde suspensie:

Nadat dit hersaamgestel is, behoort die suspensie in 'n yskas gehou te word (2 tot 8 °C) en binne 14 dae gebruik te word. SKUD GOED VOOR GEBRUIK. Raak van enige ongebruikte oplossing ontslae. Hou die houer dig gesluit. Beskerm teen lig. Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker. Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN LIZORP SUSPENSION

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:

1) Die granules word verpak in 'n kleurlose 115 ml HDPE deurskynende, ronde bottel met 'n 28 mm nek wat met 'n wit ondeurskynende 28 mm peutervrye sluitstuk met 'n induksie seël pluisie verseël word, saam met 'n 20 ml maatkoppie.

Verpakkingsgrootte: 60 ml suspensie na hersamestelling.

2) Die granules word verpak in 'n kleurlose 150 ml HDPE deurskynende, ronde bottel met 'n 28 mm nek wat met 'n wit ondeurskynende 28 mm peutervrye sluitstuk met 'n induksie seël pluisie verseël word, saam met 'n 20 ml maatkoppie.

Verpakkingsgrootte: 100 ml suspensie na hersamestelling.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:

Die granules word verpak in 'n kleurlose 150 ml ml HDPE deurskynende, ronde bottel met 'n 28 mm nek wat met 'n wit ondeurskynende 28 mm peutervrye sluitstuk met 'n induksie seël pluisie verseël word, saam met 'n 20 ml maatkoppie.

Verpakkingsgrootte: 100 ml suspensie na hersamestelling.

8. IDENTIFIKASIE VAN LIZORP SUSPENSION

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:
Vir Droë Poeier: Wit tot naaswit granulêre poeier met 'n bobbelgomgeur.
Vir Hersaamgestelde Suspensie: Ligte oranje suspensie met 'n bobbelgomgeur.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:
Vir Droë Poeier: Wit tot naaswit granulêre poeier met 'n bobbelgom geur.
Vir Hersaamgestelde Suspensie: Ligte oranje suspensie met 'n bobbelgomgeur.

9. REGISTRASIENOMMERS

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml: 43/20.1.1/0535
LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml: 43/20.1.1/0536

10. NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER

AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS..) BPK.
Woodhillkantoorpark
Gebou 1, Eerste Vloer, Philip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal, Uitbr. 12, 1448,
Johannesburg
Suid-Afrika

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

DATUM VAN REGISTRASIE:

5 Junie 2014

DATUM VAN HERSIENING:

18 September 2021

PASIËNTINLIGTINGSPAMFLET

S4

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml (Poeier vir suspensie)
LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml (Poeier vir suspensie)

Sefprosielmonohidraat

Lees hierdie hele brosjure versigtig voordat jy begin om LIZORP te neem.
- Hou hierdie brosjure. Jy mag dit weer moet lees.
- Indien jy verdere vrae het, vra asseblief jou dokter of jou apteker daarvoor.
- **LIZORP** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy behoort nie jou medisyne met ander persone te deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, al is hulle simptome dieselfde as joune.

1. WAT LIZORP BEVAT

Die aktiewe stof is sefprosielmonohidraat.

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:

Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat sefprosielmonohidraat ekwivalent aan 125 mg anhidriese sefprosiel en natriumbensoaat 0,064 % *m/v* as preserveermiddel. Bevat suiker. Bevat suiker en soeter: sukrose 2176,37 mg en 15 mg aspartaam onderskeidelik per 5mL hersaamgestelde suspensie.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:

Elke 5 ml (na hersamestelling) bevat sefprosielmonohidraat ekwivalent aan 250 mg anhidriese sefprosiel en natriumbensoaat 0,064 % *m/v* as preserveermiddel. Bevat suiker. Bevat suiker en soeter: sukrose 2059,79 mg en 15 mg aspartaam onderskeidelik per 5mL hersaamgestelde suspensie.

Die ander bestanddele is: sukrose, natriumchloried, sitroensuurmonohidraat, simetikoonemulsie, polisorbaat 80, aspartaam, glisien, karmellose-natrium, dispergeerbare sellulose, kolloïdale anhidriese silika, bobbelgomgeur en FD & C geel kleurmiddel (C.I. Nr: 15985).

2. WAARVOOR LIZORP GEBRUIK WORD

LIZORP is 'n breëspektrum sefalosporienantibiotikum wat gebruik word om die volgende ligte tot matig ernstige infeksies te behandel:

- Infeksies van die boonste lugweg - tonsilitis en faringitis
- Infeksie van die middeloor (otitis media)
- Sinusitis
- Infeksies van die onderste lugweg - brongitis
- Ongekompliseerde infeksies van die vel- en velstrukture
- Ongekompliseerde urienweginfeksies

3. VOORDAT JY LIZORP NEEM

Moenie LIZORP neem/gee nie:

- Indien jy allergies vir sefalosporienantibiotika of enige van die ander bestanddele van **LIZORP** is.
- Vir kinders wat jonger as 1 jaar oud is.
- Indien jy swanger is of jou baba borsvoed.

Neem spesiale sorg met LIZORP:

- Voordat jy begin om **LIZORP** te neem, moet jy vir jou dokter vertel indien jy enigevorige allergiese reaksies teen **LIZORP**, ander sefalosporienantibiotika, penisilline, of ander medisyne gehad het. Indien jy vir penisillien allergies is, behoort jy ekstra omsigtigheid uit te oefen omdat kruis-sensitiwiteit met **LIZORP** aangeteken is.
- Staak inname van **LIZORP** dadelik indien jy 'n allergiese reaksie (probleme met asemhaling en/of swelling van die lippe, gesig, en keel).
- **LIZORP** mag pseudomembraneuse kolitis veroorsaak. Kontak jou dokter indien jy niersiekte het of dit gehad het in die verlede omdat jou dosis **LIZORP** moontlik sal moet aangepas word.
- Indien jy **LIZORP** vir 'n lang tydperk neem, mag jy 'n superinfeksie ontwikkel. Dit beteken dat 'n nuwe infeksie kan voorkom wat weerstandig is teen **LIZORP**.
- Raadpleeg jou dokter as jy koors of kouekoors, lae rugpyn of pyn in die sy, pynlike of. moeilike urinering ondervind.

Neem van LIZORP met kos en drank:

LIZORP word nie deur kos geaffekteer nie, en die suspensie kan voor, tydens of na maaltye, toegedien/geneem word.

Swangerskap en Borsvoeding:

Die veiligheid van **LIZORP** in swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.

Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg voordat jy **LIZORP** neem.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van LIZORP:

LIZORP bevat 8,4 mg fenielalanien per 5 ml hersaamgestelde suspensie vir beide die 125 mg/5 ml en die 250 mg/5 ml doseringsterktes. Indien jy aan fenielketonurie ly, sal jy moontlik jou inname van fenielalanien moet moniteer.

Neem van ander medisyne saam met LIZORP:

Wanneer jy **LIZORP** neem, is dit besonder belangrik dat jou gesondheidsorgdeskundige weet indien jy enige van die volgende neem:

- Ander sefalosporienantibiotika - gelyktydige gebruik kan die sterkte van vitamien K verander/verlaag. Jy sal dalk profilaktiese vitamien K-terapie moet neem indien jy sefalosporienantibiotika vir lang tydperke gebruik.
- Aminoglikosied-antibiotika - gelyktydige terapie met sefalosporiene kan die funksionering van jou niere affekteer.
- Diuretika - gelyktydige behandeling saam met sefalosporiene kan jou niere affekteer.

Jy moet altyd jou gesondheidsorgdeskundige vertel indien jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

4. HOE OM LIZORP TE NEEM

Neem **LIZORP** altyd presies volgens jou dokter se instruksies. Jy behoort met jou dokter of apteker te gesels indien jy nie seker is nie. Indien jy onder die indruk verkeer dat die effek van **LIZORP** te sterk of te swak is, gesels met jou dokter of apteker daaroor.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar: Die dosis sal deur jou dokter bepaal word. Die gebruiklike dosis is 250 mg of 500 mg wat elke 24 uur (een keer per dag) of elke 12 uur (twee keer per dag) vir 10 dae geneem word. Neem **LIZORP** presies volgens instruksies. Moenie meer of minder neem of dit meer dikwels neem as deur jou dokter voorgeskryf nie.

Kinders (1 jaar tot 12 jaar): Die dosis word op liggaamsgewig gebaseer en moet deur jou dokter bepaal word.

Indien jy niersiekte het, sal jou dokter jou dosis moontlik moet aanpas.
Indien jy ingekorte lewerfunksie het, is geen dosisaanpassing nodig nie.

Indien jy meer LIZORP neem as wat jy behoort te neem:

In gevalle van ernstige oordosis, sal hemodialise help om sefprosiel uit die liggaam te verwyder.

In 'n geval van oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien beide nie beskikbaar is nie, moet jy die naaste hospitaal of giftebeersentrum kontak.

Indien jy vergeet om LIZORP te neem:

Indien jy vergeet om 'n dosis van jou medisyne te neem, moet jy dit neem sodra jy daarvan onthou, en dan voortgaan soos tevore. As dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, slaan dan die vergete dosis oor en gaan voort met jou gebruiklike doseringskedule. Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir 'n vergete dosis nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

LIZORP kan newe-effekte veroorsaak.

Kry mediese noodhulp indien jy enige van hierdie tekens van 'n allergiese reaksie het:

- Anafilakse gekenmerk deur: Veluitslag, galbulte, probleme met asemhaling, swelling van jou gesig, lippe, tong, of keel en/of skok.

Die volgende ernstige newe-effekte mag voorkom en het mediese aandag nodig:

- Eosinofilie (swart, teeragtige stoelgang, kouekoors, koors, hoes, kortasem, bongewone moegheid en swakheid).
- Pseudomembraneuse kolitis (abdominale krampe, waterige, ernstige diarree, koors).
- Erythema multiforme of Stevens-Johnson-sindroom (blaasvorming, afskilfering, losmaking van die vel en slymvliese, vat die oë of ander orgaansisteme mag betrek)
- Leukopenie, neutropenie of trombositopenie (borspyn, kouekoors, koors, keelpyn, ongewone bloeding en kneusing).
- Urtikarie (galbulte of strieme, jeuk en rooiheid van die vel).
- Serumsiekte (koors, gevrigpyn, veluitslag).
- Hepatiese disfunksie insluitend cholestase (abdominale of maagpyn, klei–kleurige stoelgang, donker urine, hoofpyn, verlies aan aptyt, asem het 'n onaangename reuk).
- Superinfeksie (koors, heesheid of hoes, lae rugpyn of pyn in die sy, pynlike of moeilike urinering, verminderde hoeveelheid urine). Vertel jou dokter indien jy van enige van die volgende newe-effekte bewus word en dit jou bekommer of indien enige van hierdie simptome ernstig word of nie verdwyn nie:
  - duiseligheid
  - hiperaktiwiteit
  - hoofpyn
  - senuagtigheid
  - slaaploosheid
  - verwarring
  - lomerigheid

Professional Information for Medicines for Human Use

SCHEDULING STATUS

S4

PROPRIETARY NAME (and dosage form)

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml (Powder for suspension)
LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml (Powder for suspension)

COMPOSITION

LIZORP SUSPENSION 125 mg/5 ml:

Each 5 ml (after reconstitution) contains cefprozil monohydrate equivalent to 125 mg anhydrous cefprozil and sodium benzoate 0,064 % *m/v* as preservative. Contains sugar and sweetner: sucrose 2176,7 mg and 15 mg aspartame respectively per 5 mL reconstituted suspension.

LIZORP SUSPENSION 250 mg/5 ml:

Each 5 ml (after reconstitution) contains cefprozil monohydrate equivalent to 250 mg anhydrous cefprozil and sodium benzoate 0,064 % *m/v* as preservative. Contains sugar and sweetner: sucrose 2050,79 mg and 15 mg aspartame respectively per 5 mL reconstituted suspension.

The other ingredients of the formulation are sucrose, sodium chloride, citric acid monohydrate, simethicone emulsion, polysorbate 80, aspartame, glycine, carmellose sodium, microcrystalline cellulose/carboxymethylcellulose sodium, silica colloidal anhydrous, Bubble Gum Flavour (PWD # 730) and Colour FD&C Yellow No.6 (C.I. No: 15985).

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION

A 20.1.1 Broad and medium spectrum antibiotics

PHARMACOLOGICAL ACTION

Cefprozil belongs to a sub-group of beta-lactam antibiotics, cephalosporins. It is bactericidal and acts by inhibiting synthesis of bacterial cell wall.

Microbiology

The bactericidal action of cefprozil results from inhibition of cell-wall synthesis.

Aerobes,gram-positive

